

Preek 12 Julie 2020

Ds. Why Duvenhage

Tema: God se “nee” wat ’n opwindende “ja” word!

Verwelkoming:

Baie welkom aan almal vandag hier in die kerkgebou is. Ons is min, maar verseker genoeg vir ’n erediens. Jesus het self gesê waar twee of meer in Sy naam vergader, daar is Hy en daarom verwelkom ons Hom hier, maar ook vir julle hier in die kerkgebou, asook vir julle daar by julle huise wat aanlyn ingeskakel is.

Vir julle wat aanlyn ingeskakel is vra ons om tog maar te oorweeg om ons dienste hier in die kerk by te woon. Ons verlang na julle en julle kan baie gerus wees dat dit veilig is om te kom. Alle Covid-19-protokol word stiptelik gevolg. Gee asb. jul name deur die week by ons kerkkantoor in. Skakel of stuur ’n epos en kom beleef ons erediens weer hier in ons kerkgebou!

Baie welkom ook aan vriende in Edelweiss, wat ons glo ook hierdie uitsending kan hoor en sien.

Baie van ons kinders is hierdie week terug skool toe! Ek glo veral die graad 1, 2 en 6 kinders is baie opgewonde om ook weer terug by die skool te wees! Al is daar nie baie van julle kinders vandag in die kerk nie, glo ek daar by julle huise sit julle saam met mamma en pappa en luister en kyk! Of hulle kan julle gou wakker maak om saam te luister na ons diens. Ons mis julle in die gesinsdiens, dis daarom dat ons julle wil betrek by die erediens gedurende die grendeltyd. Ons kan nou nie vir julle geluk sê met julle verjaarsdae nie, maar ek dink as ons terug is bymekaar in die gesinsdiens, dan maak ons sommer op vir al die verjaarsdae wat ons gemis het!

Ons gaan vir eers nie voort met die video’s wat ons altyd tydens die aanlyndiens gewys het as kindermoment nie. Ons wil egter sommerso bietjie self ook tydens die diens iets doen wat julle sal verstaan!

Ook wat die kinders betref: Tannie Brenda (ons kinderwerker) het gesê julle begin vandag met ’n opwindende nuwe reeks in die kategeese, whereby julle asseblief kan inskakel. Dit gaan oor geloofsgroei en ’n ontdekkingsreis in my lewe saam met God en oor hoe ek Hom beter kan leer ken. Vandag se lessie gaan oor ’n voelvlug van wat julle alles in die toekoms kan verwag en stasies wat jy kan besoek om vir God beter te leer ken. Die reeks het ’n baie opwindende tema, “life hacks” vir kinders. Daar is dan ook ’n video op die web wat saamgaan met die les. Na die musiek en Bybel lees vanoggend is daar sommer ’n lekker iets in die preek wat julle van sal hou! Dit gaan oor rugby en netball. So, moenie weggaan nie

Skriflesing:

Ons het vandag 'n baie intressante gedeelte in die Bybel wat ons kan saamlees. Julle weet dat ons in hierdie tyd besig is met die geloofsreis van Dawid en hoe ons vir Dawid al op verskillende plekke in sy lewe aangetref het. Partykeer op baie moeilike plekke, partykeer is hy vervolg, ander kere is hy weer rustig en kan ons so baie uit sy lewe uit leer. Hierdie storie, laat ons nogal dink aan wanneer jy partykeer beplan om iets goed te doen, maar jou dan vasloop teen 'n NEE. "Jy kan nie. Nie nou nie!" Dit is wat hier met Dawid gebeur. Kom ons lees saam uit Samuel 2: 1-19

Dawid wil vir die Here 'n huis bou

¹Toe koning Dawid in sy eie huis woon, nadat die Here hom rus gegee het van al sy vyande in die omgewing, ²sê hy vir die profeet Natan: "Kyk, ek woon in 'n huis wat met sederhout versier is, maar die ark van God staan in 'n tent."

³Natan het die koning geantwoord: "Doen gerus alles wat u in gedagte het. Die Here is by u."

⁴Dieselfde nag het daar egter iets gebeur: die woord van die

Here het tot Natan gekom en vir hom gesê: ⁵"Gaan sê vir my dienaar Dawid: So sê die Here: Wil jy vir My 'n huis bou om in te woon?"

⁶Vandat Ek die Israeliete uit Egipte laat trek het tot nou toe het Ek nog nooit in 'n huis gewoon nie. Ek het in tent en tabernakel rondgeswerf ⁷saam met al die Israeliete. Het Ek ooit vir een van die stamme wat Ek beveel het om die leiding van my volk Israel op hom te neem, gesê: 'Waarom bou julle nie vir My 'n huis wat met sederhout versier is nie?'

⁸"Nou moet jy vir my dienaar Dawid sê: So sê die Here die Almagtige: Ek het jou uit die weiveld agter die kleinvee weggevat om oor my volk Israel te heers. ⁹Oral waar jy gegaan het, was Ek by jou; al jou vyande het Ek voor jou oë uitgedelg. Ek het jou so beroemd gemaak soos die grotes op die aarde.

¹⁰Ek het 'n woonplek aan my volk Israel gegee en hom gevestig, sodat hy sonder vrees in sy plek kan woon. Slegte mense sal hom nie meer verdruk soos voorheen ¹¹toe Ek leiers oor my volk Israel aangestel het nie. Ek sal jou rus gee van al jou vyande. Ek maak aan jou bekend dat Ek vir jou 'n koningshuis gaan vestig. ¹²Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee. ¹³Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan. ¹⁴Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir My 'n seun wees. As hy ontrou is, sal Ek mense gebruik om hom te straf, hom te kasty.

¹⁵Maar my trou sal Ek nie aan hom onttrek soos Ek dit aan Saul onttrek het om vir jou plek te maak nie. ¹⁶Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan."

¹⁷Volgens hierdie openbaring het Natan die hele boodskap aan Dawid oorgedra.

¹⁸Daarna het koning Dawid ingegaan en voor die Here gaan sit en gesê: "Wie is ek, Here my God, en wie is my nageslag dat U my só ver gebring het?"

¹⁹Selfs dít was vir U nog nie genoeg nie, Here: U het ook nog vir die nageslag van u dienaar tot in die verre toekoms beloftes gemaak"

Preek:

Nou hoop ek daar is nog heelwat kinders wat intussen ingeskakel het nadat mamma of pappa julle dalk gaan wakker maak het. Ek het vanoggend iets saamgebring waarmee elke kind op 'n stadium in hulle lewe mee speel! Dis 'n rugbybal en 'n netbal. Sjoe, dis die eerste keer in die winter in my lewe wat daar nie nou rugby en netbal by die skool is nie. Ek verlang so vreeslik daarna! Vir 15 jaar lank het ek self rugby gespeel, elke winter, en toe as 'n pappa vir 23 jaar langs die rugbyveld gestaan en kyk hoe my vier seuns rugby speel. Ek onthou hier by Eversdal, hoe die klein outjies al op 8 jarige ouderdom begin, so oor die dwarste van die veld. Langs die kantlyn, baie keer op die veld, was waar baie opgewonde, gillende ouers wat ondersteun het! Dit is 'n prentjie wat ek nooit sal vergeet nie.

Hoekom praat ek vanoggend oor rugby en netbal? Ek dink dit is omdat dit vir ons lekker gaan help om vandag se preek te verstaan. Julle sal weet, of laat pappa of mamma dit verduidelik: jy kan nie altyd self die drie gaan druk of die doel gooi nie! Party ouens in die span, veral die voorspelers, moet die harde werk doen, in die skrums druk, in die los skrums stoei en na die harde werk, gee hulle die bal uit na iemand anders, wat hul harde werk met 'n drie moet gaan afrond. Al druk jy nie self die drie nie, is jy egter saam bly, omrede jou harde werk wel later deur iemand anders beloon is.

Vriende en kinders, gebeur dit nie maar baie ook so in die lewe nie. Dat jy baie insit, baie harde werk doen, ontwikkel en dat jy nooit self jou werk kan afrond nie. Dat iemand anders, selfs partykeer iemand in die volgende geslag, die afrondingswerk doen en die drie druk.

Dit het nogal baie in die Bybel ook gebeur. Dink aan Moses, wat vir byna 40 jaar homself amper doodgewerk het in die woestyn, met 'n moeilike volk, wat hy moes lei na die beloofde land. En wanneer hy uiteindelik daar naby aankom, dan sê die Here vir hom: "Nee, jy kan nie met die volk hier ingaan nie, iemand anders sal die volk hier inlei in die beloofde land in. Jou opvolger. Iemand wat op grond van jou nalatenskap en harde werk, die volk gaan lei. Joshua is bestem om die harde werk van Moses met 'n drie af te rond.

Met Dawid was dit ook so. Daarvan lees ons in hierdie gedeelte. In 2 Samuel 7 tref ons vir Dawid aan, op 'n baie goeie plek in sy lewe. Hy is die koning van Israel. Sy volk was verenig en het op daardie stadium in vrede gelewe. Vir Dawid was dit 'n lekker tydperk van rus, na al sy probleme en sy krisis wat hy beleef het met sy vyande en sy familie. Hy rus lekker by die huis! Die tyd is vir hom 'n goeie tyd van refleksie en denke en gebed, wat ons ook tans in ons grendeltyd kan beleef.

Hy dink veral aan die seëninge en dinge wat hy kan beleef! Dis waarskynlik in hierdie tyd wat hy belangrike lofgesange en gedigte gedig het. As hy kyk wat hy het, sy pragtige huis met baie sederhout, voel hy egter skuldig oor God se tenthuis en voel hy die behoefte om vir God 'n tempel te bou. Uit skuldgevoel, maar ook uit dankbaarheid. Daar is destyds geglo, dit is die kern van die godsdiens van die volk, dat God woon en teenwoordig is in die tabernakel in 'n tent. Sedert die uittog was dit 'n tydelike tentwoning, wat voortdurend aan die trek was. Dawid wil dit nou verander, deur 'n ordentlike standvastige tent te bou. 'n Goeie en eerlike plan, 'n uitstekende voorneme!

En God se reaksie op hierdie aanbod? Deur die profeet Natan, sê Hy vir Dawid "nee", nie jy nie, nie nou nie"! Dit is seker nogals 'n skok wanneer God nee sê vir so 'n goeie voorneme.

“Dawid, wel later, en dit deur jou nageslag en opvolger. Iemand anders gaan die drie druk deur die tempel te bou”. Dawid moet egter op ’n harde manier hoor dat hierdie begeerte, hierdie mooi, vroom voorneme nie nou kan realiseer nie!, Dis “n NEE van God af!

In hierdie teksgedeelte, herinner God hom deur Natan, aan alles wat in hom belê is en hoe God hom geseën, ontwikkel en bemagtig het. Almal het hom geken, hy het hoë aansien en posisie gehad. Hy sou dit logisties maklik kon doen. Hy het al die harde werk in die skrum gedoen.

Dawid hoor dat God sy opvolger, sy seun, sy nageslag opdrag sal gee om die tempel te bou. Dit is egter ’n wonderlike belofte, dat op grond van Dawid se nalatenskap, sy “legacy” die werk tot ’n volgende vlak ontwikkel gaan word. Die slegte nuus aan Dawid, word eintlik die goeie nuus – God gaan nog iets beter doen! Die “nee” gaan nog ’n opwindende ja word! Is Dawid kwaad? Teleurgesteld? Ontnugter? Verneder? Min geag? Of dalk positief? Dankbaar? Opgewonde dat sy nalatenskap kan voortleef, al is dit deur iemand anders wat uiteindelik die tempel sal bou.

Omdat Dawid vir God goed leer ken het op sy geloofsreis, aanvaar Hy die NEE! Omdat hy vir God ken en weet dat God altyd die groter prentjie sien, tot in volgende geslagte, vertrou hy vir God as hy hoor: “Nee Dawid. Nie jy nie. Nie nou nie!” God besluit miskien nou teen Dawid se voorneme, maar dit wat Dawid nalaat, gaan die resultaat behaal en sy droom en begeerte verwesenlik. Toe Dawid dit hoor, het hy nie sy vuus teen God gebal nie! In vers 18 en 19 sien ons sy reaksie op God se “nee”: Hy het in die huis ingegaan en voor God gaan sit en hom daarvoor gedank en geloof!

Kom ons pas dit so bietjie toe!

Dit is soos ons rugby voorbeeld: harde werk word gedoen, maar jy kan nie noodwendig die drie self druk nie. Iemand anders kan. En jy kan selfs met die “nee” nou in al die vreugde van die toekomstige drie deel.

As ek vanoggend iets persoonlik met julle mag deel. Die persoon wat die grootste invloed op my eie lewe gehad het, was verseker my eie oorlede pa. Pa het grootgeword in ’n baie moeilike tyd, in die droogte en depressie van 1933. Hy moes vroeg al in sy lewe vanaf die plaas na ’n koshuis toe gaan in Olifantshoek. En daar het hy die roeping ervaar van die Here om ’n predikant te word. In standerd 8 (gr 10) moes hy egter die skool verlaat om op die plaas te gaan werk as gevolg van die familie se armoede. Daar het sy drome inmekaar getuimel om uiteindelik ’n leraar te kon word. Daar was geen geld om te gaan studeer nie. God het deur hartseer omstandighede vir hom “nee” gesê om ’n dominee te word!

Kort voor sy dood, kon hy my legitimasie as predikant bywoon. Sy nee het ’n ja geword in sy nageslag en dié se nageslag. Hy kon deel in die vreugde van God se voorsienigheid! Hy kon soos Dawid sê: “Here, U het ook vir die nageslag van U dienaar tot in die verre toekoms beloftes gemaak! Wat ’n toesegging aan my, Here my God!”

God se nee, kan ’n opwindende ja word, as ons glo in die God wat die groter prentjie sien en deur ons die groter prentjie bestuur. Miskien is elkeen van ons ook vandag daar waar jy twyfel of jy ooit ’n drie gaan druk. Doen wat jy nou kan doen! Druk op jou beste in die skrum. Werk hard om in mense te investeer. Hulle te mentor! Skep vir jou ’n nalatenskap

in mense deur wat jy doen en wat jy gee, hoe jy praat, hoe jy glo. Speel hulle in die gaping om die drie te gaan druk!

Ek wil vanoggend afsluit met 'n ware verhaal, wat baie jare gelede afgespeel het in Skotland. Dit was 'n familie, Clark, wat baie graag na Amerika toe wou immigrer. Hulle het as baie gemiddelde familie begin om te spaar, omdat hulle nie baie geld gehad het nie. Vir maande lank het hulle gespaar, totdat hulle uiteindelik genoeg geld bymekaargemaak het! Met opgewondenheid het hulle kaarjies gekoop vir die bootreis Amerika toe!

Sewe dae voordat hulle sou vertrek, is die jongste kind, 'n seuntjie deur 'n hond gebyt. Dit was nie te ernstig nie, maar die familie moes vir 14 dae in kwarantyn gaan, as gevolg van die moontlikheid van hondsdolheid.

Die pa het uiteindelik in sy teleurstelling en woede, afgegaan na die hawe toe waar die skip vertrek het, sonder hulle aan boord. Hy was kwaad, hy was kwaad vir God, hy was kwaad vir sy seun, hy was kwaad vir die hond!

'n Paar dae later verneem hy dat, op die 15de April, daardie skip wat veronderstel was om vir hulle nuwe lewe te gee, gesink het. Die skip was die Titanic. Die ramp het 1500 mense se lewens geeis. Toe hy hierdie nuus hoor, het mnr. Clark se gesindheid dadelik verander. Hy het geweet dit was nie vir hulle bedoel nie. God se nee, het hulle gered. Hy het sy seun omhels. Sy lewe het verander! Hy het God sonder ophou geloof vir sy NEE! Hulle tragedie het verander in 'n triomf.

Amen

Gebed